**Print, Text and Book Cultures in South Africa.**

Andrew van der Vlies (red.). Johannesburg: Wits University Press, 2012. 476 pp.

ISBN 978-1-86814-566-9 (gedruk);
ISBN 978-1-86814-593-5 (Epub).
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.18

Vir iemand wat altyd die gewig van 'n boek takseer terwyl jy begin blaai en nie die verleiding kan weerstaan om aan die binnekant te ruik nie, is *Print, Text and Book Cultures in South Africa* 'n heerlike boek. Nie dat dit spesifiek lekkerder as ander moderne boeke ruik nie—wel kraakhelder en fris—maar omdat die materialiteit, die boek as ding, so sterk op die voorgrond staan in die 21 artikels waaruit dit bestaan. Die plesier begin al danksy Willem Boshoff se werke *Death of a Typewriter* en *Abamfusa Lawu* wat tipografies pragtig gekombineer word op die omslag. Die boektitel is heel gepas in die tipiese tikmasjienfont wat baie van ons nog op netjies ingedraaide velle papier uit ons Olivetti-, Olympia-, Royal- of Hermes-masjientjies te voorskyn gehamer het.

Andrew van der Vlies, oudstudent van die Rhodes Universiteit en tans verbonde aan die Universiteit van Londen, neem as samesteller die voortou met sy uitstekende inleiding. Deur te verwys na die klein John in *Boyhood* se fassinasie met die boekpers wat hy op sy groottante Annie se solder vind en die feit dat haar oupagrootjie daarop talle eksemplare gedruk het van 'n boek getitel *Deur 'n gevaarlike krankheid tot ewige genesing*, staan die materialiteit van die *proses* waardeur boeke tot stand kom, op die voorgrond, is jy nuuskierig en verlei. Tegelykertyd besef jy deur Van der Vlies se *close reading* van temas uit J. M. Coetzee se oeuvre dat skryf, publiseer én lees in Suid-Afrika altyd in 'n diskoers van mag en outoriteit plaasvind en dús gevaarlik kan wees. Daar is trouens 'n hele afdeling gewy aan Coetzee se boeke waarin veral die verskille tussen *local* en *global* uitgawes en interpretasies van sy boeke sentraal staan in artikels deur Van der Vlies, Jarad Zimbler en Patrick Denman Flanery.

Van der Vlies se inleiding lei mens letterlik die vak in: met aandag vir die feit dat mense soos De Certeau, Bourdieu en Derrida die kontoere van boekwetenskap uitgestippel het terwyl insigte van boekgeskiedenispioniers soos Robert Darnton (vroeë 1980's), Don McKenzie (1986) en Roger Chartier (1992) die internasionale aard en interdissiplinariteit van die vak help vestig het. Isabel Hofmeyr van Wits en Lize Kriel van die Universiteit van Pretoria is twee van Suid-Afrika se bekendste boekwetenskaplikes. Opvallend genoeg word belangrike ondersoeke (2002, 2004 en 2006) oor Afrikaanse boeke deur oud-Pretorianers Francis Galloway en Rudi Venter wel genoem, maar daar is geen bydraes van hulle in die boek wat wel grootliks bestaan uit 'n bundeling van eerder-gepubliseerde stukke nie. Behalwe in Peter D. McDonald se artikel "The Politics of Obscenity; *Lady Chatterley's Lover* and the Apartheid State", is daar trouens min verwysings na Afrikaanse boeke.

*Print, Text and Book Cultures in South Africa* is egter ryk aan meer as genoeg baie boeiende bydraes. Een van die langste artikels staan in die hart van die boek: "From *The Origin of Language* to a Language of Origin: A Prologue to the Grey Collection" deur die Namakwalander Hedley Twidle, verbonde aan die Departement Engels van die Universiteit van Kaapstad. George Grey se skenking van 5,200 items aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek in 1861 was 'n tipies negentiende-eeuse kulturele transaksie waardeur 'n privaat versameling die stempel van Victoriaanse stadskultuur op die koloniale Kaapstad help afdruk het. Dat die waardevolle versameling steeds meer 'n anachronisme in die postkoloniale stad aan die word is, word geopper.

Tereg word in die inleiding al daarop gewys dat in Afrika ook aandag moet wees vir orale tradisies. Omdat postkoloniale studies geneig

is om te konsentreer op ambiguïteit en ambivalensies in koloniale vertoë, het Nick Visser al in 1997 gewaarsku dat dit in Suid-Afrika van belang is om historiese werk te doen oor die omstandighede waaronder tekste geproduseer word, die konteks en materialiteit van tekste. Argiefwerk is nodig. Van die boeiendste bydraes in die boek is juis van mense wat hulle hiermee besig hou. Die afdeling "Print Cultures and Colonial Public Spheres" bevat byvoorbeeld bydraes deur Leon de Kock oor die drukkultuur van sendingstasies terwyl Isabel Hofmeyr 'n fassinerende ondersoek doen na die transnasionale aktiwiteite van die Cape Town Ladies' Bible Association. Meg Samuelson beweeg binne die veld van Indiese Oseaan-studies wanneer sy die boeiende, soms besonder intieme korrespondensie tussen de Kaapse argiefmedewerkster Marie Kathleen Jeffries en die Indiese koloniale amptenare V.S. Srinivasa Sastra en P. Kodaanda Rao tydens die laat 1920s tot vroeë 1930s uitpluis.

*Print, Text and Book Cultures in South Africa* is in sewe afdelings verdeel met telkens in elkeen drie uitstekende artikels gegroepeer. Dit is bykans onmoontlik om artikels uit te sonder, maar behalwe die reeds genoemde artikels is ook John Gouws se stuk "Deneys Reitz and Imperial Co-option", Archie L. Dick se "'Send your Books on Active Service': The Books for Troops Scheme during the Second World War, 1939-1945" en "The Image of the Book in Xhosa Oral Poetry" deur Jeff Opland fassinerend. Deborah Seddon bepleit veel meer aandag vir orale tekste, soos die poësie van *imbongi's*, sodat leerplanne en die kanon hiermee rekening kan hou. Lily Saint se artikel oor fotoromans is die mees *popular culture*-agtige onderwerp uit die boek en word saam met Opland en Seddon se stukke in afdeling 6, "Orature, Image, text" geplaas. Fotoboekies soos *Tessa*, *Dr Conrad Brand*, *Grensvegter* en *Kid Colt* het dekades lank duisende lesers gehad en Saint betoog dat hierdie oënskynlik konserwatiewe boekies tegelykertyd subversief was: "poking holes in the apartheid screen of vision by fostering practices of interracial readership that crossed legal, imaginative and narrative boundaries".

Artikels oor Suid-Afrikaanse kunsboeke (deur Bronwyn Law-Viljoen), Suid-Afrikaanse universiteitsuitgewers (Elizabeth le Roux) en oor sensuur (Margriet van der Waal, Natasha Distiller en McDonald) is waardevolle boekstawings van rare maar ware gevalle. Sarah Nuttall se artikel "The Rise of the Surface: Emerging Questions for Reading and Criticism in South Africa" is tegelyk konkreet, werk oor die "surface", maar dit stel aan die hand daarvan belangrike meta-vrae, ook oor literatuuronderrig. Sy skryf: "A serious discussion of the notion of the surface as a place to think from, in addition to all the ways we have learnt to think about depth and read for depth in order to get at complexity, might also help us to throw open the parameters of current literary debate and to find a language for an inclusive, cross-generational conversation that draws on the intellectual textures of a younger generation and a changing world order." Rita Barnard se "Oprah's Paton, or South Africa and the Globalisation of Suffering" en Lucy Valerie Graham se "'Consequential Changes': Daphne Rooke's *Mittee* in America and South Africa" is boeiende gevallestudies wat vroeg in die boek reeds ingaan op die boeiende vrae oor kommersialisering en die verhouding tussen die "local" en die "global".

Die Suid-Afrikaanse boekewêreld word verryk deur hierdie stimulerende boek. Gelukkig is dit met sy 476 bladsye nie te swaar om ook in die bed te lees nie.

*Ena Jansen*
ena.jansen@planet.nl
Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam
Navorsingsgenoot Universiteit van Johannesburg
Johannesburg